Nomades Voetslaanklub
Roete-terugvoer.

Magoebaskloof, *MP*

16-19 Junie 2016.
Rugsakstap met hutte.
3+1 nagte.

Helene Gertenbach het die verslag geskryf en Wilna die fotos voorsien. Baie dankie daarvoor.

"Ons is altesaam 11 mense wat drupsgewys Donderdagmiddag by Woodbush (Houtbos) hut aankom. Dit is Jeugdag en ons motor kon eers by die derde pitstop geholpe raak met middagete. By die vorige stoppe het busse vol mense aangekom.

Jannes van Ryssen, Wilna Mooolman, Marli Toerien en Helene Gertenbach het eerste aangekom en sonnige kamers geannekseer. Sommige kamers het nie vensters nie. Later arriveer Tjaart van der Walt en Marissa, Cornea, haar dogter Sonisca en vriend Louis asook Annemarie Lotter en Isabel Baatsen.

Nog 'n groep van 7 van die Oos Rand (Ingweni klub) bly ook die nag oor. Almal kuier om die vure. Wilna moet nog matrasse aanvra en 'n reuse brandwa kom lewer dit af. Die rooster is ook te klein vir so baie mense.
Daar is baie kamers maar net een badkamer met 'n toilet en stort vir die mans en een badkamer met toilet, wasbak en 2 storte vir die dames.
Heeltemal te min vir 18 mense.



Vrydag vertrek ons net na halfnege in mis en 'n koue windjie. Baie gou moet ons 'n nimmereindigende stewige opdraende op en sweet word aangevul deur ysige mis. Ons sien skaars die mooi bome en struike om ons raak. Ons brille wasem ook toe. Tjaart en Marissa besluit om na 2 kilometers om te draai – hy het baie pyn in sy heup. Ons vorder net 'n paar kilometres in 'n paar uur.

Almal is verlig om vroegmiddag Broederstroom hut te haal en ons geniet die warm storte en elektriese ligte in sommige vertrekke terdeë. Die hout is klam en gee baie rook af, so daar word nie lank om die vuur gekuier nie. Hier is dit net ons groep van 9, die ander groep slaap by Waterval hut.

Die volgende oggend is ons vroeër klaar. Die mis verdwyn gou. Die pad loop deur aangeplante plantasies en is redelik gelyk voor daar 'n laaang afdraende is wat deur 'n mooi inheemse woud loop. Clivias groei bo in die bome se takke. Ons sien en hoor loeries. Die paadjie is glad en Cornea en Louis koop vir hulle stukkies van die woud. Middagete is in 'n oop kol – ons sien hier blouapies - en van hier af is dit nie so steil af nie maar die paadjie kronkel oor talryke stroompies met watervalletjies. Die houtbruggies is in 'n goeie toestand maar die houte is soms glad, so ook die mosbedekte klippe. Die riviertjies loop later saam om die Dokolewaspruit te vorm wat oor plate geelerige sandsteen vloei met hier en daar 'n poel. By die Dokolewa hut is 'n groot poel, maar die hut en poel is in die skadu. Ingweni stappers en 'n groepie jongmense slaap by Dokolewa.

Sommige van ons 9 Nomades het gladnie die steil bult voor die De Hoek hut waardeur nie. Ons waardeer darem almal die heerlike warm water en gekuier om die vuur. Die son sak vroeg agter die berge.
Die derde dag se stap gaan weer verby Dokolewa hut en ons volg die rivier al met die berg op deur 'n pragtige woudlandskap met talryke verskillende inheemse bome wat bo ons uittroon. Die Rooiboswilg se rooi blare lê oral in die paadjie. Daar is baie varings, ook boomvarings. Ons sien 'n interessante versameling swart sprinkane wat die luisboom se blare vreet. Later word die pad weer steil en dit voel weer of daar nie einde aan is nie, maar die drie jonges huppel weer vooruit en moet telkens vir ons ander wag.

Die pad is goed gemerk.
Ons sien weer die Ingweni stappers bo by De Hoek hut. Hulle het ‘n langer bosboupad gevolg en sommige kom eers heelwat later daar aan.
Jannes, Wilna, Marli en Helene slaap weer Sondagnag in Woodbush hut.

Ons gaan eet die Sondagmiddag (Vadersdag) besonder lekker pizzas by The Pot en Plow op die R71 daar naby. “

Ons bespreek by via Jacana maar jy sou ook direk by Komatiland kon bespreek,
sien die onderstaande web-skakel vir meer inligting
http://www.komatiecotourism.co.za/OvernightTrails/MagoebaskloofTrail/tabid/65/Default.aspx

Finansies: (Ons vra per R330 per lid en R375 per nie-lid vir 3 dae en R425 per lid vr 4 dae).

Inbetalings	:	**R 4085**
Inbetalings	:	R 4085
Uitbetalings	:	**R 4025**
Stappers	:	R 3885
Besprekingsfooi (Jacana)	:	R 55
Brikette en aanstekers (*AML*)	:	R 85
Projek surplus	:	**R 60**

Vriendelike stapgroete

Marius Stander.
MariusStanderPTA@gmail.com
2016/08/14

Sien gerus ook
www.Nomades.co.za
vir meer stapverslae en Nomades se kontak inligting en jaarprogramme.